

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 15 NOVEMBER 2020 OM 15:00
TE PALINGSTRAAT 214, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Fanie Groenewald
Martiens Kunneke
Riekie Pienaar
Joe Meyer – telefonies in gesprek
Hyllien de Jonge
Anita Swanepoel

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter open vergadering met gebed en heet almal welkom.

2 VERSKONINGS

Lana Pepler
Otto Pepler

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES

Die notule van die vergadering, gehou op 21 Januarie 2020, word aanvaar en goedgekeur.
Fanie stel voor, Martiens sekondeer.

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

4.1 Finansies

Die Balanstaat van die Oesterbaai Inwonersvereniging soos op 31 Oktober 2020 word deur Martiens voorgelê. Die Inkomste en Uitgawerekening word bespreek. (Sien aangeheg)

4.2 Gemeenskapsaal

Walter noem dat daar nog twee Munisipale Raadsvergaderings vir 2020 oor is en dat daar aansoek gedoen moet word vir 'n nuwe MOU vir die Oesterbaai Gemeenskapsaal, m.a.w. dat die Inwonersvereniging verantwoordelik bly vir die bestuur van die saal. Walter sal 'n konsepbrief waarin aansoek gedoen word vir 'n nuwe MOU, spoedig aan die Komitee voorlê. Die vorige ondernemings deur die Munisipaliteit en behoeftes wat reeds by herhaling gestel is, sal in die brief vermeld word.

AKSIE: WALTER

4.3 Afvalstortingsterrein

Walter verwys na sy onlangse brief aan die Munisipale Bestuurder oor die agteruitgang van die terrein. Reaksie het spoedig gevolg, maar die terrein word steeds nie snags gesluit nie. 'n Versoek vir 'n addisionele stortingsdrom (skip) sal gerig word.

AKSIE: WALTER

4.4 Kommunikasie

4.4.1 Advertensies

In ooreenstemming met 'n vorige besluit van die Bestuurskomitee word advertensies nie meer op die WhatsApp groep gedoen nie. Terugvoering dui aan dat meer mense positief daaroor is as mense wat ongelukkig is.

Na verdere voorstelle en bespreking besluit die Bestuurskomitee dat persone wel op die WhatsApp groep kan adverteer teen betaling van R100 per advertensie. Walter onderneem om 'n WhatsApp met inligting hieroor uit te stuur.

AKSIE: WALTER

4.4.2 Nuusbrief

Joe lig die Vergadering in dat die toerusting vir werk op die duine vir nog 'n week beskikbaar is, voor die vakansiegangers opdaag. Daar is baie goeie nuus oor die duine. Joe sal al die inligting aan Fanie oordra:

- Aanbevelings vir Branderstraat inwoners
- Veiligheid van inwoners en besoekers
- Rehabilitasie van duine.

AKSIE: FANIE EN JOE

Walter noem die hulp aan die Munisipaliteit voor die aanvang van die Covid 19 inperking deur die verspreiding van inligtingstukke en seep aan die gemeenskap.

Adriaan noem die groot verbeterings wat in die biblioteek aangebring is.

Walter noem dat advertensies kan help met die onkoste van die **Oesterbaai Nuus**.

Fanie onderneem om die nuusbrief saam te stel en is opgewonde dat daar genoeg materiaal sal wees.

4.5 Kersmark

Die Bestuurskomitee volstaan by sy vorige besluit (per WhatsApp) om nie hierdie jaar 'n Kersmark te reël nie. Die Oos-Kaap is tans 'n hoë risikogebied vir Covid 19. Die veiligheid van inwoners en besoekers is belangriker.

4.6 Kersdiens

Joe noem dat die Kersdiens al so lank deel van Oesterbaai se geskiedenis is. Die getalmense wat die Kersdiens jaarliks bywoon, maak dit onmoontlik om dit te hou, omdat inwoners en besoekers in gevaar gestel sal word. Alternatiewe oplossings word deur die Komitee bespreek. Daar word besluit dat Walter die Humansdorp NG Kerk se "Link" op die WhatsApp groep sal plaas.

AKSIE: WALTER

Fanie stel voor dat daar 'n Kersliedere aand oorweeg moet word, asook 'n trekker en wa vir 'n sangfees. Walter onderneem om dit met Herman Stofberg en sy Living Waterspan te bespreek.

AKSIE: WALTER

4.7 Algemene Jaarvergadering.

Walter lig die Komitee in dat 'n Algemene Jaarvergadering moet plaasvind, aangesien die meerderheid van die Bestuurslede se termyn verstryk.

4.8 Bestuurskomitee 2021

Walter onderneem om inligting vir nominasies vir die Bestuurskomitee op die WhatsApp groep te plaas. Walter noem dat nuwe lede gunstig sal wees vir inwoners.

AKSIE: WALTER

4.9 Provinsiale pad

Walter lig die komitee in oor verskeie verhoë aan Randall Moore van die Provinsiale Paaie Departement oor die gevaarlike toestand van die toegangspad tot Oesterbaai. Raadslid Daniël Benson het ook onderneem om met Randall Moore te kommunikeer. Walter sal hom ook weer kontak.

AKSIE: WALTER

4.10 Grondwet

Die voorgestelde veranderings aan die Grondwet is tydens die AJV VAN 2019 goedgekeur. Hettie sou dit met Krisjan Korf bespreek om finale afronding te doen en hom vra om die Engelse weergawe ook aan te pas. Krisjan het intussen laat weet dat hy baie besig is. Walter onderneem om die veranderings in die Afrikaanse weergawe by te werk.

AKSIE:WALTER

5. NUWE SAKE

5.1 Wetstoepassing Desembermaand

Adriaan onderneem om met verkeersbeamptes te reël vir wetstoepassing. Mens en dier se lewens is in gevaar. Vier voetgangers is die afgelope jaar raakgery, waarvan een oorlede is. Drie honde is ook doodgery.

AKSIE: ADRIAAN

5.2 NSRI en Lewensredders

Fanie onderneem om met Lood te kommunikeer om vas te stel of hulle weer verantwoordelikheid neem vir die lewensredders hierdie vakansie.

AKSIE: FANIE

5.3 Tydelike toilette

Riekie stel voor dat die tydelike toilette by die strand afgebreek word. Geen instandhouding word gedoen nie. Op versoek van Fanie onderneem Walter om ondersoek te gaan instel.

AKSIE: WALTER

5.4 Koöptering van komiteelede.

Die Komitee spreek hulle dank uit teenoor Hylie de Jonge en Anita Swanepoel wat hul bereid verklaar het om op die Bestuurskomitee as gekoöpteerde lede te dien. Anita neem reeds notule vir hierdie vergadering.

5.5 Polisie Forum

A/O van Heerden van St Francis SAPD het 'n uitnodiging gerig vir 'n nominasie van die Bestuurskomitee om op die St Francis Polisie Forum te dien. Fanie en Walter is van mening dat dit nie groot waarde vir die Oesterbaai gemeenskap inhou nie. Die vergaderings word altyd na ure gehou en dan moet daar snags op die slegte pad terug bestuur word.

Die Komitee besluit om nie 'n persoon te nomineer nie. A/O van Heerden sal in kennis gestel word hiervan.

7 VOLGENDE VERGADERING

Joe versoek dat 'n dagbestuurvergadering spoedig na sy aankoms gehou word .

Die volgende Bestuurskomitee vergadering sal op Maandag, 7 Desember 2020 om 16:00 plaasvind.

8 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.


.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER


.....
ONDER-VOORSITTER

DATUM: 7-12-2020